

MONETARY AND BANKING REVIEW

During the third quarter of 1954, the Union's monetary volume of economic activity, excluding seasonal movements, showed a substantial increase in comparison with the second quarter. From the table given below, it will be seen that this increase was to a large extent accounted for by a sharp revival in stock exchange turnover, although notable increases also took place in railway earnings, retail sales and the value of property transactions, and, to a lesser extent, in discounts and advances of the commercial banks. On the other hand, there were appreciable declines in the value of exports and the value of building plans passed and a small decline in the value of imports. Manufacturing and mining employment showed little change, while building employment continued to decline.

Taken over the first ten months of 1954, the Union's total monetary volume of economic activity showed a strong upward movement which was, however, accompanied by a small increase in the level of commodity prices and a substantial increase in share prices.

Indexes — Excluding Seasonal Movements

(1948 = 100)

	<i>4th Qtr. 1953</i>	<i>1st Qtr. 1954</i>	<i>2nd Qtr. 1954</i>	<i>3rd Qtr. 1954</i>
Bank Debits	160	164	164	180
Stock Exchange Turnover	43	115	76	142
Value of Imports	124	132	126	124
Value of Exports (excluding Gold)*	222	225	242	230
Railway Earnings	168	172	173	180
Discounts and Advances of Commercial Banks	153	163	169	170
Value of Retail Sales†	114	113	113	117
Value of Property Transactions	96	95	95	112
Value of Building Plans Passed‡	123	141	158	133
Employment:				
Building*	100	99	98	96
Manufacturing*	124	124	124	125
Mining	114	116	118	118

* Revised.

† Five Urban Areas.

‡ Eighteen Urban Areas.

BALANCE OF PAYMENTS

As a result of the publication of export figures for "Prescribed Materials under the Atomic Energy Act", which include uranium, in the September statement of the Union's official trade statistics, a truer picture can now be given of the country's international balance of payments. A comparison of the first nine months of 1954 with the corresponding period in 1953, reveals a much improved position, since there has not only been a substantial decline

in the current deficit but also a strong increase in the net inflow of capital.

While the imports of merchandise increased from about £320 million in the first nine months of 1953 to about £338 million in the same period in 1954, there was an even bigger increase in merchandise exports (excluding gold bullion, gold products and ships' stores), namely, from about £203 million to about £230 million, so that the country's trade deficit declined from about £117 million to about £108 million. Furthermore, the net gold output increased by about £6 million while the deficit in respect of current invisible items remained approximately constant, with the result that the net current deficit with the outside world declined from about £63 million to about £48 million.

As far as capital movements are concerned, preliminary figures indicate that the net inflow of private capital amounted to about £49 million during the first nine months of 1954, of which about £10 million represented net drawings under the uranium loans. In addition, the Union Government drew a net amount of about £14 million under the I.B.R.D. loans and received about £5 million in the form of a Swiss loan, while, on the other hand, the banks' short-term liabilities declined by about £2 million. The total net amount of capital received during this period, therefore, amounted to about £66 million, as against approximately £21 million during the corresponding period in 1953, when drawings under the uranium loans also amounted to about £10 million.

As a result of the factors mentioned above, the Union's total gold and foreign assets increased by about £18 million during the first nine months of 1954, contrasted with a drop of about £42 million during the corresponding period a year ago.

From £123.1 million at the end of September, 1954, the Reserve Bank's total gold and foreign assets increased further to £139.4 million on the 10th December, which reflects, *inter alia*, the net effect of seasonally low imports and seasonally high exports which usually occur during the last quarter of the year.

MONEY IN CIRCULATION

After declining from £444.0 million at the end of 1953 to £419.7 million at the end of May, 1954, the quantity of money in circulation in the Union, increased to £446.7 million by the end of October, which was the highest figure since June, 1951.

The net increase of nearly £3 million in the money supply during the first ten months of 1954, which was made up of an increase of about £5 million in notes in the hands of the public and a decrease of about £2 million in the banks' demand deposits, was largely the result of the Union's favourable balance

of payments, as reflected in the increase of about £25 million in the Reserve Bank's gold and foreign assets during this period. The positive effect of this factor on the money supply was to a large extent, however, offset by a shift of about £18 million from demand to time deposits with the commercial banks and a decrease of about £4 million in total bank credit. In regard to the latter, Reserve Bank credit declined by about £17 million, but commercial bank credit increased by about £13 million as a net result of an increase of about £27 million in the banks' discounts and advances and a decrease of about £14 million in their investments.

COMMODITY PRICES

Most of the available indexes of commodity prices showed upward movements during the first ten months of 1954, but, in contrast with the sharp upward movement during the years 1951 and 1952, the general tendency remained relatively stable. The

index of wholesale prices for all goods (base: 1948 = 100) increased from 149.8 in December, 1953, to 151.6 in October, 1954, i.e. by about 1.2 per cent, which was the combined result of increases of about 1.9 per cent in the index of imported goods and about 0.8 per cent in that of Union goods. In the case of retail prices, the combined index (base: 1948 = 100) increased from 129.8 in December, 1953, to 134.3 in October, 1954, or by about 3.5 per cent, reflecting increases of about 3.2 per cent in the case of food, 0.9 per cent in the case of clothing and 4.6 per cent in the case of other items, including rent. In regard to the last-mentioned, it should be pointed out that the results of the rent census taken by the Bureau of Census and Statistics in May, 1954, showed an increase of 7.8 per cent over May, 1953, and that the new figures have been incorporated in the index numbers since September, 1954.

T. W. de Jongh,
Statistician.

OORSIG VAN DIE UNIE SE NASIONALE REKENINGE 1946–1953

Die doel van hierdie artikel is om die tendense in die nasionale rekeninge van die Unie vir die tydperk van ag jaar vanaf 1946 tot 1953, na te gaan. Die ontleding sal beperk word tot 'n beskrywing van die gedrag en onderlinge verband van groothede soos die volksinkome en -uitgawe. Die Unie se netto geografiese en netto volksinkome¹ word deur die Buro vir Sensus en Statistiek² bereken, en die besteding van die volksinkome word in tabelle XXXVII en XXXVIII³ in hierdie *Kwartaalblad* uiteengesit.

DIE NA-OORLOGSE PRODUKSIETENDENS

Tussen 1945/46 en 1952/53 het die Unie se volksinkome of -produksie, teen heersende markpryse,⁴ van £700.6 miljoen tot £1,322.2 miljoen toegeneem, wat 'n persentasie toename van 88.7 persent verteenwoordig. Hierdie toename weerspieël die gesamentlike invloed op volksproduksie van (a) 'n toename in die fisiese volume van goedere en dienste geproduseer en van (b) 'n toename in die algemene pryspeil. Die kleinhandelsprysindeks, byvoorbeeld, het met 42.2 persent gedurende hierdie tydperk gestyg.

Die na-oorlogse uitbreiding van produksie kon nie met die behoeftes van sowel die verbruikers as die ondernemers tred hou nie. Gedurende hierdie tydperk was die ekonomiese stelsel dus aan dieselfde spanning wat die oorlogsjare gekenmerk het, onderhewig, in dié sin dat die totale vraag na die land se produksie die beskikbare voorrade van goedere en dienste oortref het, met die onvermydelike inflasionele druk wat dit meegebring het. Die Regering was genoodsaak om in te gryp in die land se produk-

1. Netto geografiese inkome of produksie is die waarde van goedere en dienste wat toegeskryf kan word aan die produksiefaktore wat binne die grense van 'n land gevestig is. Dit verskil van netto volksinkome of -produksie in soverre laasgenoemde nie faktorkommes wat binne die grense van die land deur buitelandse arbeid of buitelandse kapitaal verdien word, insluit nie, maar beperk is tot die inkomes of produksie wat die inwoners van die land toekom.

2. Hierna die Buro genoem.

3. Dit is nodig om daarop te wys dat daar heelwat verskille tussen die volksinkomereeks wat deur die Buro gepubliseer word, en die wat in tabel XXXVIII A [pos 1 (a)] verskyn, bestaan. Eerstens het die Buro se syfers betrekking op die jare geëindig 30 Junie, terwyl die syfers in tabel XXXVIII op 'n kalenderjaarbasis is. Verder is die syfers in hierdie tabel ook aangesuiwer vir 'n pos wat bekend staan as „aansuiwing vir voorraadaardering,” d.w.s. veranderings in die boekwaarde van die voorrade van sake-ondernemings is aangesuiwer vir veranderings in die Unie se groothandelsprysindeks. Hoewel die Buro in sy jongste memorandum oor volksinkome (No. 13) syfers in verband met voorraadaansuiwing publiseer, is hierdie aansuiwingspos nie in aanmerking geneem in sy volksinkome-totaal nie. Wat die bepaling van die opbrengs op buitelandse kapitaal betref, bereken die Buro hierdie pos voor aftrekking van Unie-belasting, en onverdeelde winste word aan buitelanders op hul „direkte” sowel as hul „portefeuile” beleggings toegeskryf. In tabel XXXVIIIA, egter, is die metode van berekening gebaseer op die definisies van buitelandse kapitaal wat deur die Internasionale Monetêre Fonds opgestel is, waarvolgens buitelandse inkome gereken word na aftrekking van Unie-belasting, en onverdeelde winste nie in aanmerking geneem word in die geval van „portefeuile” beleggings nie. 'n Verdere verskilpunt is die feit dat in die Buro se volksinkomesyfers bydraes deur werkgewers tot bestaansbeveiligingsfondse nie in aanmerking geneem word nie, terwyl sulke bydraes in die volksinkomereeks in tabel XXXVIII ingesluit word. Daar is egter geen verskil tussen die twee reeks wat die aansuiwing van geografiese inkome vir inkome verdien deur buitelandse naturelle-trekarbeiders betref nie, alhoewel dit die geval was met die volksinkomesyfers in tabel XXXVIIIA wat in uitgawes van hierdie *Kwartaalblad* voor September 1954 verskyn het.

4. D.w.s., netto volksinkome of -produksie teen faktorkoste, plus indirekte belastings minus subsidies.

siestelsel, eerstens, deur die ekonomie van 'n oorlogsna 'n vredestydse grondslag, oor te skakel, en tweedens, deur 'n reeks drastiese maatreëls, soos invoerbeheer, kredietbeperking en verhoogde belastings, met die doel om 'n toestand van benaderde ewig tussen vraag en aanbod te bewaar, en om die land se monetêre reserves te beskerm.

Die twee belangrikste knelpunte wat beperkings geplaas het op die vermoë van die ekonomiese stelsel om sy produksie as gevolg van die rekord na-oorlogse vraag, uit te brei, naamlik 'n tekort aan arbeid en produksiekapasiteit, het reeds veel bespreking van die kant van diegene wat 'n studie van onlangse ekonomiese tendense in die Unie gemaak het, uitgelok. Wat eersgenoemde betref het die ekonomiese stelsel reeds sedert die tweede helfte van die dertigerjare die neiging getoon om 'n toestand van volle indiensstelling te bereik, maar in die onlangse tydperk het die arbeidstekort geneig om nog meer ernstig te word. Die teenwoordigheid van die tweede knelpunt, naamlik die ontoereikendheid van die Unie se kapitaalbronne, was in die meeste sektore van die ekonomiese stelsel sigbaar, maar veral in drie bedryfstakke naamlik vervoer, opwekking van elektriese krag en behuising.

Gedurende die ses oorlogsjare is baie min gedoen om die land se kapitaalvoorraad uit te brei, of, in sommige gevalle, dit selfs instand te hou. Terselfdertyd het die Unie se bevolking aangehou om teen 'n koers van twee persent per jaar toe te neem, en verder het die verskuwing van die bevolking van die plattelandse na die stedelike gebiede ook voortgegaan, wat bygedra het om die taak ten opsigte van die uitbreiding van die kapitaalbasis van die ekonomiese stelsel, *pari passu* met die toename in die bevolking, te bemoeilik.⁵

Nieteenstaande die bestaan van hierdie beperkende faktore, het die Unie se arbeid- en kapitaalstruktuur genoegsame buigsaamheid en aanpassingsvermoë vertoon om te voorkom dat die na-oorlogse surplusvraag in hoofsaak op inflasionele wyse bevredig is, aangesien, soos hierbo gemeld is, die volksinkome, teen heersende prys, teen 'n vinniger koers as, byvoorbeeld, kleinhandelspryse toegeneem het. In hierdie verband moet bygevoeg word dat in die eerste paar na-oorlogse jare 'n betekenisvolle gedeelte van die oormatige vraag deur groter invoere bevredig is, sonder dat daar 'n ooreenstemmende styging in die uitvoere van die Unie plaasgevind het; die netto stimulerende uitwerking op produksie is dus deur die lande wat hul goedere na die Unie uitgevoer het, ondervind.

In die afwesigheid van inligting met betrekking tot die skaal van die opbrengs van die verskillende

5. Die totale stedelike bevolking het toegeneem van 3.1 miljoen in 1936 tot 4.4 miljoen in 1946, d.w.s. 'n toename van 1.3 miljoen vir die tydperk van tien jaar. In 1951 het die totale stedelike bevolking 5.4 miljoen beloop, d.w.s. 'n toename van een miljoen gedurende die eerste vyf jaar van die na-oorlogse tydperk. Die syfers vir 1936 is aangesuiwer om dit in ooreenstemming te bring met die definisie van stedelike bevolking wat in die 1951-Bevolkingsensus gebruik is.

bedrywe in die Unie se ekonomiese stelsel, is dit nie moontlik om in hierdie stadium opmerkings aanstaande die tendens van reële volksinkome, d.i. volksinkome teen konstante prys, te maak nie, en gevoglik is die bespreking van die produksieneigings op inkome- en uitgawesyfers teen heersende prys gebaseer.

BYDRAE VAN DIE VERSKILLENDÉ BEDRYWE TOT TOTALE OPBRENGS

Die absolute waarde en persentasie-verdeling van die aandele van die individuele produksieterakkings in die netto geografiese produksie van die Unie, word in tabel I getoon. Hieruit sal opgemerk word dat betekenisvolle verskuiwings in die onderlinge verhouding van die vyf belangrikste nywerheidsektors wat in die tabel onderskei word, plaasgevind het.

Tabel I.

Netto Geografiese Produksie Volgens Tipe van Nywerheid.⁶

	Land- bou	Myn- bou	Fabriekswese	Han- del	Ander ⁷	Totaal
A. £-Miljoene						
1946/47	96.0	86.9	155.6	131.7	270.8	741.0
1947/48	128.9	88.5	182.0	133.3	304.1	836.8
1948/49	121.0	93.6	195.4	148.3	333.0	891.3
1949/50	138.9	141.5	225.3	153.6	359.9	1019.2
1950/51	220.3	159.8	277.9	173.3	403.5	1234.8
1951/52	174.4	174.6	317.7	165.5	440.6	1272.8
1952/53	215.0	174.2	346.2	175.3	480.8	1391.5
B. Persentasieverdeling.						
1946/47	13.0	11.7	21.0	17.8	36.5	100.0
1947/48	15.4	10.6	21.7	15.9	36.4	100.0
1948/49	13.6	10.5	21.9	16.6	37.4	100.0
1949/50	13.6	13.9	22.1	15.1	35.3	100.0
1950/51	17.8	12.9	22.5	14.0	32.8	100.0
1951/52	13.7	13.7	25.0	13.0	34.6	100.0
1952/53	15.4	12.5	24.9	12.6	34.6	100.0

Die persentasieverdeling van die handel tot die volksinkome vertoon 'n aansienlike afname in die na-oorlogse periode. 'n Afname is ook te bespeur in die geval van produksieterakkings soos vervoer en die verskaffing van regeringsdienste wat onder die hoof „Ander“ in die tabel ingesluit is.

Veranderings in die ruilvoet,⁸ d.w.s. in die verhouding van die Unie se uitvoerpryse tot sy invoerpryse, skyn 'n beslissende invloed op die inkomestatus van die twee primêre bedrywe ingesluit in tabel I, naamlik landbou en mynbou, te gehad het, en die

uitwerking van hierdie eksterne faktor sal in die volgende twee afdelings ondersoek word. Wat die interne invloede op die Unie se produksieneigings betref, is een van die belangrikste die verskuiwing van arbeid tussen bedrywe. Syfers met betrekking tot die aantal persone in diens in sekere bedrywe, word in tabel II gegee.

Tabel II.

Verandering in die aantal werknemers in sekere bedrywe.

Bedryf	1946	1953	Persentasieverandering
Landbou	797,000	952,000 ⁹	19
Mynbou	465,000	495,000	6
Fabriekswese	511,000	782,000	53
Handel	365,000	435,000 ¹⁰	19
Vervoer (S.A.S. & H.)	172,000	209,000	22

Die syfers in tabel II dui aan dat die arbeidsmag van fabriekswese in die Unie teen 'n baie vinniger koers as wat die geval is met ander nywerhede wat in die tabel ingesluit is, toegeneem het, en dit skyn asof die grootste gedeelte van die persentasieverdeling van fabriekswese tot die volksinkome, toegeskryf kan word aan die relatiewe uitbreiding wat in die aantal werknemers plaasgevind het. Die Unie se getal fabrieksarbeiders het teen 'n gemiddelde koers van ses persent per jaar in die na-oorlogse tydperk toegeneem, teenoor 'n jaarlikse gemiddelde toename van twee persent in die totale arbeidsmag van die Unie. Die koers van ontwikkeling van die fabriekswese is grootliks gestimuleer, eerstens deur die nasleep van die oorlogstoestande, en tweedens, deur na-oorlogse toevloei van buitelandse kapitaal en die instelling van invoerbeheer, wat die plaaslike produksie van goedere wat voorheen ingevoer is, aangemoedig het.¹¹

NETTO INKOME VAN BOERDERY

Die waarde van die netto produksie van boerdery, teen heersende prys, was aan baie aansienlike skommelings in die na-oorlogse tydperk onderhewig, soos deur die syfers in tabel III aangetoon word.

Tabel III.

Veranderinge in Boerderyinkome, 1945/46-1952/53.¹²

Jaar	(£ miljoene)	Verandering van jaar-tot-jaar
1945/46	82.2	
1946/47	96.0	13.8
1947/48	128.9	32.9
1948/49	121.0	-7.9
1949/50	138.9	17.9
1950/51	220.3	81.4
1951/52	174.4	-45.9
1952/53	215.0	40.6

9. Werknemers op plese bewoon deur blankes. Die syfer vir 1946 is aangesuiwer om dit in ooreenstemming te bring met die definisie van die getal persone in diens in die landbou in die 1953 Landbousensus.

10. Vir die jaar 1952.

11. Die getal industriële ondernemings het van 11,351 in 1945/46 tot 15,564 (jongste beskikbare syfer) in 1951/52 toegeneem.

12. Die inkome van private bosbou en visserye word deur die Buro by boerderyinkome ingerekken, maar die gesamentlike bydrae van hierdie twee bedrywe tot die totaal, beloop nie meer as £3 miljoen per jaar nie.


6. Die syfers vir 1945/46 wat deur prof. S. H. Frankel bereken is, is weggeblaas uit die tabel omdat sy klassifikasie van individuele bedrywe in sommige opsigte verskil van dié wat deur die Buro sedert 1946/47 gebruik is.

7. Inkome verkry van die volgende bedryfsvertakkings is onder hierdie hoof ingesluit: Vervoer, Verversingsdienste, Professies, Finansies (Privaat), Diverse sake (Openbaar en Privaat), Private Woonhuise, Openbare Owerhede, Private Huishoudings en Niewinsverenigings, Klubs, Unies, ens.

8. As 'n aanduiding van die mate waarin 'n verbetering van die ruilvoet die volksinkome van 'n land wat groot belang by uitvoerproduksie het, kan beïnvloed, kan die veranderings in die peil van die Australiese volksinkome teen heersende prys vir die jare 1949/50 en 1950/51 genoem word. Gedurende die laasgenoemde jaar het die inkome van boerdery, hoofsaaklik as gevolg van die baie hoë wolpryse, aansienlik gestyg, en dit was die belangrikste oorsaak vir die styging van £825 miljoen in die volksinkome, d.w.s. van £2,304 miljoen tot £3,129 miljoen, of met 35.8 persent.

Die onbestendigheid van boerderyinkome was sodanig dat, nienteenstaande die feit dat dit slegs ongeveer 15 persent van die na-oorlogse geografiese inkome bedra, dit in hoofsaak verantwoordelik was vir die skommelings wat in laasgenoemde opgemerk word. In diagram I waarin die jaar-tot-jaar veranderings in die twee reekse voorgestel word, word die ooreenstemming in die hoogte- en laagtepunte van die boerdery- en totale geografiese inkomereekse duidelik na vore gebring.

Diagram I. — Verandering van jaar-tot-jaar in Netto Geografiese Inkome en Netto Boerderyinkome.



Die belangrikste faktor wat tot hierdie hewige skommelings in boerderyinkome bygedra het, was die skommelings in die prys van wol, wat die vernaamste produk van die boerderybedryfstak in die Unie is. Die grootte van hierdie skommelings in die internasionale prys van wol was die oorsaak dat die bruto inkome van die wolboere toegeneem het van £33.3 miljoen in 1949/50 tot £79.7 miljoen in 1950/51, en daarna gedaal het tot £44.1 miljoen in 1951/52. Behalwe die skommelings in die inkomste wat uit wol verkry is, het weerstoestande ook die peil van bruto inkome wat deur die belangrikste landbougewasse, hoofsaaklik mielies, opgelewer is, tot 'n groot mate in die jongste jare beïnvloed.

NETTO INKOME VAN DIE GOUDMYNBEDRYF

Wat die invloed van die ruilvoet op die goudmynbdryf betref, bestaan daar 'n groot teenstelling tussen die na-oorlogse tydperk en die dertigerjare; in laasgenoemde tydperk het die verhoging van die goudprys, tesame met die afwesigheid van inflasioneeriese toestande, tot 'n vermeerdering in die waarde van die netto opbrengs van dié bedryf van £34.8 miljoen in 1931/32 tot £72.3 miljoen in 1938/39 gelei. In die na-oorlogse tydperk was die ruilvoet egter baie ongunstig vir hierdie bedryf, en tabel IV toon aan dat sy netto inkome prakties dieselfde gebly het tot met die devaluasie in September 1949.

Tabel IV.

Netto Inkome van die Goudmynbdryf.

	(£ miljoene)
1945/46	73.8
1946/47	67.6
1947/48	68.5
1948/49	69.4
1949/50	108.2
1950/51	117.7
1951/52	114.5
1952/53	113.4

In 1949/50 is 'n wesenlike toename in netto inkome, wat ongeveer £40 miljoen beloop het, behaal, maar die verligting was van korte duur, en vanaf 1950/51 was die bedryf weereens nie instaat om sy bydrae tot die volksinkome te vermeerder nie.

VOLKSINKOME VOLGENS INKOMSTETIPE

In die voorgaande afdelings is die bydrae van die verskillende nywerhede tot die na-oorlogse volksinkome van die Unie bespreek. Dit is egter ook belangrik om die samestelling van die volksinkome, volgens tipe van inkome, te bestudeer. Hierdie verdeling gee 'n klassifikasie van inkomes volgens die vorm waarin dit aan die land se bevolking toekom, d.w.s. vergoeding van werknemers, winste van geïnkorporeerde en nie-geïnkorporeerde sake-ondernemings, netto rente en netto huur.

Die enigste gegewens wat in verband met hierdie klassifikasie van volksinkome beskikbaar is, is dié wat deur die Buro¹³ onder die hoofde „Salarisse en Lone“ en „Ander Inkome“ gegee word. Laasgenoemde sluit die verskeie tipes van inkome verkry uit eiendom soos huur, rente en winste in. Weens die gebrek aan gegewens is dit nog nie moontlik om aparte totale vir hierdie verskillende tipes van eiendomsinkomste te gee nie.

Tabel V toon die persentasie-aandeel van salaris en lone en „Ander Inkome“ vir die jaar 1949/50—1952/53.¹⁴

Tabel V.

Persentasieverdeling van Geografiese Inkome volgens Inkomstetipe.

Inkomstetipe	1949/50 £ milj.	1949/50 %	1950/51 £ milj.	1950/51 %	1951/52 £ milj.	1951/52 %	1952/53 £ milj.	1952/53 %
Salarisse en lone ..	595	58.0	656	53.4	748	58.8	825	59.3
Ander inkome ..	431	42.0	571	46.6	525	41.2	567	40.7
Totaal ..	1,026	100.0	1,227	100.0	1,273	100.0	1,392	100.0

13. Die klassifikasie van die Buro het op die geografiese inkome van die Unie betrekking.

14. 1949/50 is die eerste jaar waarvoor die verdeling volgens inkomstetipe vir alle nywerhede gepubliseer is.

Die persentasie-aandeel van salaris en lone het omtrent 59 persent van geografiese inkomme bedraa, behalwe vir die jaar 1950/51 toe dit tot 53 persent gedaal het, hoofsaaklik as gevolg van die styging in die netto winste van boerdery in daardie jaar. Oor die algemeen skyn dit egter of die salaris- en loontrekkers instaat was om hul posisie te handhaaf¹⁵ ten opsigte van die verdeling van inkomme in die tydperk wat deur die beskikbare gegevens gedek word.

GEOGRAFIESE EN VOLKSINKOME

Die aansuiwing wat t.o.v. die Unie se geografiese inkomme gemaak moet word vir die bedrag verdien deur vreemde arbeid en kapitaal ten einde volksinkome, d.w.s. inkomme wat aan die land se inwoners toekom, af te lei, het sedert die begin van die na-oorlogse tydperk in 'n absolute sowel as relatiewe sin, groter geword. In 1945/46 het dit £54.6 miljoen, of 7.8 persent van die geografiese inkomme beloop, in vergelyking met £139.2 miljoen, of 10.0 persent, in 1952/53. Die toename in buitelandse faktorinkome is hoofsaaklik toe te skryf aan 'n groter opbrengs op vreemde kapitaal wat in die Unie belê is.

Volgens die klassifikasie wat deur die Buro gebruik word, het die buitelandse faktor-inkome vir die jaar 1952/53 £139.2 miljoen beloop, waarvan £16.0 miljoen aan buitelandse arbeiders, hoofsaaklik vreemde naturelle in diens van die mynbedryf, verskuldig was, terwyl die res uit betalings was buitelandse verskaffers van kapitaal toekom, bestaan het. Laasgenoemde het bestaan uit £54.7 miljoen wat as dividende verklaar is, £2.9 miljoen as rente op lenings aan openbare owerhede, en £65.6 miljoen wat aan die Unie-Regering as belasting betaal en op reserwe geplaas is.

Baie min direkte inligting is beskikbaar in verband met die wyse waarop vreemde kapitaal aan die Unie se ekonomiese deelneem, en die huidige berekenings is gebaseer op die opgawes i.v.m. die Belasting op Buitelandse Aandeelhouers. Die Bank van Engeland verstrek egter syfers in sy jaarlikse publikasie *United Kingdom Overseas Investments* i.v.m. die nominale waarde van kapitaal, en die rente en dividende daarop verklaar, van Suid-Afrikaanse beleggings gehou deur inwoners van die Verenigde Koninkryk, in soverre dit betrekking het op sekuriteite wat gekwoteer word of onoffisieel verhandel word op, of andersins bekend is aan die Londense Effektebeurs. Hierdie syfers wat in tabel VI saamgevat is, toon 'n styging in die opbrengs op portefeuillebeleggings, maar daar is geen inligting nie oor die bedrae verdien op direkte beleggings van inwoners van die Verenigde Koninkryk in tak-ondernehmings en filiaalmaatskappye wat in die Unie gevestig is.

15. Die gemiddelde persentasie-aandeel wat lone en salaris van die netto volksinkome van die Unie vir die tydperk 1949/50—1952/53 uitmaak, naamlik 62 persent, was minder as die ooreenstemmende syfers vir Westerse lande soos byvoorbeeld die Verenigde Koninkryk (72 persent) en die V.S.A. (66 persent).

Tabel VI.

Nominale Waarde van, en Rente en Dividende betaal op V.K. Beleggings in Suid-Afrika, 1945-1952.

	(£ miljoene)							
	1945	1946	1947	1948	1949	1950	1951	1952
Nominale waarde, alle sekuriteite ¹⁶	111	118	127	127	149	161	161	160
Rente en dividende ..	12.2	12.8	14.5	15.0	15.9	18.8	21.1	20.8

GEVOLGTREKKINGS

Die hoofpunte wat uit die voorgaande bespreking van die inkomekant van die Unie se nasionale rekeninge vir die na-oorlogse tydperk na vore kom, is die volgende:—

1. 'n Beteenisvolle verskuiwing het in die bydrae van die individuele nywerhede tot die Unie se volksinkome teen heersende pryse plaasgevind. Fabriekswese het sy posisie verstewig as die mees belangrike bron van netto inkomme, en 'n verbetering kan opgemerk word in die relatiewe inkomeposisie van die boerdery, terwyl mynwese se persentasie-aandeel slegs 'n geringe toename toon. 'n Drastiese afwaartse verskuiwing het in die inkomestatus van die handel ingetree en 'n klein persentasie-afname is merkbaar in die gesamentlike totaal van die vervoer- en die diensnywerhede.
2. Soos in die dertigerjare, het veranderings in die ruilvoet 'n belangrike uitwerking op die peil van inkomme in die na-oorlogse tydperk gehad, maar die voordele het aan verskillende bedrywe in die twee tydperke toegekom; in die eerste tydperk was die vernaamste voordeeltrekker die goudmynbedryf, en in die laaste tydperk die produsente van grondstowwe en minerale, goud uitgesonderd.
3. Sedert 1949/50 het die betreklike aandeel van salaris en lone in geografiese inkomme omtrent dieselfde gebly, behalwe vir 'n tydelike terugslag gedurende die jaar 1950/51.
4. Die persentasie van geografiese inkomme wat aan buitelandse arbeid en kapitaal vir produktiewe dienste in die Unie se ekonomiese stelsel betaal is, het 'n toename gedurende die na-oorlogse periode getoon.

NEIGINGS IN DIE VOLKSUITGawe

Die skaal van toename en die grootte van 'n volk se totale produksie is nie die enigste onderwerpe wat aandag verdien in die bepaling van die prestasies van enige ekonomiese stelsel in 'n gegewe tydperk nie. Dit is net so belangrik om die doel waarvoor die hulpbronne aangewend is, te ondersoek, en 'n bespreking van die tendense wat uit die volksuitgawestatistiek vir die tydperk 1946-1953 blyk, sal in die volgende uitgawe van hierdie *Kwartaalblad* gegee word.

D. G. Franzsen.

16. Die Bank van Engeland se tabelle onderskei tussen beleggings in Regerings- en munisipale lenings, maatskappye geregistreer in die Verenigde Koninkryk, en maatskappye op die Suid-Afrikaanse register.